www.kragdag.co.za

SAKELIGA

# KragDag

*doen jou eie ding*

# 2022

# Ekspo Prospektus

**11-13 Augustus 2022**



# 2021 Statistieke

**21 000**
**Besoekers**


**488**
**Uitstallers**

**900+**
**Uitstalruimtes**

**112 000**
**Gemeenskapslede**

# Voorwoord

Die **Sakeliga KragDag** ekspo is die grootste alternatiewe energie en selfstandige leefstyl ekspo in Suid-Afrika. Met sy unieke karakter is dit ook die grootste Afrikaanse geleentheid van hierdie aard in die wêreld en groei jaarliks.




Die klem val veral op volhoubaarheid, effektiewe ontwerp vir sober energie- en watergebruik, benutting van alternatiewe energie, baanbreker tegnologie, `n makeringesteldheid, veiligheid, gesondheid, voedselproduksie, opvoedkunde en entrepreneurskap.

In bestek, inhoud en belewenis is die **Sakeliga KragDag** ekspo enig in sy soort. Dit is die plek waar kundigheid en innovasie ten toon gestel word, waar oplossings gevind word en geleer word. Boonop kan die hele gesin in genot hieraan meedoen.

As jou onderneming wêreldklas of praktiese oplossings bied, moet jy hier wees! Dit is die ideale geleentheid vir die genereer van nuwe leidrade en besigheid. **KragDag** bied 'n ongeëwenaarde en koste-effektiewe bemarkings-geleentheid, wat 'n hoogtepunt bereik by die jaarlikse ekspo.

Blaai deur hierdie dokument om te sien wat **KragDag** vir u onderneming kan bied. Ons vertrou dat u net so opgewonde oor die **Sakeliga KragDag** ekspo sal wees as ons.

Die **KragDag**span

# Die KragDag tema

In die lig van die onstuimige tyd waarin ons leef, is ons tema vir **Sakeliga KragDag 2022:**

*Soms vlug, soms ingrawe... altyd bou!*

Daar is tye wat dit nodig mag wees om ter wille van oorlewing te vlug (selfs dit wat jy opgebou het agter te laat), maar soms is dit ook nodig om 'n loopgraaf te grawe. 'n Wegvlug ingesteldheid om uitdagings of probleme te systap, of bloot na groter gemak te vlug, kweek egter nie net vlugtelinge met 'n vervlakte lewenstyl nie, maar mag jou laat teer op dit wat ander oor geslagte opgebou het.

Die belangrike is dat, of jy bly en of jy genoodsaak is om te vlug, dat jy by jou bestemming altyd weer moet bou en voortbou op dit wat ander voor jou, deur jare se sweet, bloed en ingrawe op daardie plek, tot stand gebring het.

Wanneer dit wel nodig is om te vlug, moet dit wees met die besef dat daar wel êrens hakke ingeslaan sal moet word – indien dan nie hier nie, dan by die plek waarheen ons vlug. As jý dit nie doen nie, is dit dalk die nalatenskap wat jy vir jou kinders laat – hulle wie se belange jy as motivering gebruik het vir jou vlug.

Die KragDag ekspo wil mense inspireer en toerus om te bou, maar ook gereed te wees om "loopgrawe" te grawe as dit nodig sou wees om bouwerk te verdedig.

# 'n Kampterrein

Ons nooi uitstallers uit om sommer in die **KragDag** boskampterrein te kom oorbly tydens die ekspo.

Nie alleen skakel dit die koste en moeite van elke dag se 'n heen-en-weer-pendel uit nie, dit bied die geleentheid om meer deel te wees van die gesellige saamkuier atmosfeer wat hierdie jaar meer gaan wees as ooit tevore.

Verskeie opsies is beskikbaar op die webtuiste, van slegs standplase tot volle ingerigte familie eenhede.

**KLIK HIER** vir besprekings

2022



# Karakter



Die **Sakeliga KragDag** ekspo bied vir die uitstaller 'n winsgewende besigheidsgeleentheid binne 'n karnaval atmosfeer vir die besoekers.

Die sterk klem op die bevordering van die uitstallers se ondernemings tydens die Ekspo word gekomplimenteer deur landelike feestelike aktiwiteite soos 'n groot verskeidenheid kos en lekkernye, 'n teetuin, biertuin, perderitte, helikopterritte, musiekuitvoerings, kreatiewe- en opvoedkundige uitstallings, kompetisies, 'n snuffelmark, 'n aktiwiteitsarena, demonstrasies en inligtingsessies.



Vir **KragDag** lê entrepreneurskap na aan die hart en daarom maak die Ekspo ook voorsiening vir junior entrepreneurs. Dieselfde geld vir die rol van die gesin in onderwys. Die Makerbeweging op die Ekspo bied ook 'n spesiale ruimte vir kreatiewe uitstallings en ontwerpe of patente wat (nog) nie kommersieel beskikbaar is nie.

Sedert 2019 sluit die ekspo ook 'n landbou sub-ekspo in, wat veral gerig is op die gefokusde kleinboer.

# Fokus

Met die leuse *"Doen jou eie ding!"* fokus **KragDag** op self- en onderlinge versorgingsoplossings vir huishoudings, hoewe- of plaasbewoners en klein tot medium ondernemings. Hierin speel hernubare energie en verwante aangeleenthede 'n sentrale rol, maar daar word ook voorsiening gemaak vir ander aspekte wat 'n lewe van selfbehoud en om self te beskik moontlik maak. Die **KragDag** tema strek oor verskeie terreine soos Energie, Opvoedkunde, Veiligheid, Tegnologie, Water, Voeding, Gesondheid en Entrepreneurskap. In hierdie verband verskaf **KragDag** die platform waardeur produkbekendstellings en opvoedkundige inligting oor alternatiewe lewenstyloplossings beskikbaar gestel word.

In teenstelling met verskeie ander uitstallings is die klem dus op besigheid-tot-eindgebruiker blootstelling. Nogtans bied dit genoegsame ruimte vir besigheid-tot-besigheid netwerkgeleenthede.

# ‘n Kragtige Ekspo

**Die Sakeliga KragDag ekspo gee uiting aan die behoefte om mense in staat te stel om in groter vryheid te leef.**

Dinge soos onbetroubare dienslewering en stygende energietariewe en brandstofkostes aan die een kant en nuwe tegnologiese ontwikkeling aan die ander kant, beweeg die publiek om self verantwoordelikheid te neem in hulle soeke na volhoubare oplossings.

Om dit moontlik te maak, is dit kardinaal dat hierdie teikenmark toegerus word met kennis en in kontak geplaas word met toepaslike oplossings. Hierin speel **KragDag** ‘n waardevolle rol en vorm die spilpunt waar verskaffer en kliënt mekaar kan ontmoet en hierdie mark stimuleer.

Die toenemende getal deelnemers en inspirerende terugvoer van beide uitstallers en besoekers spreek vanself oor die groeiende behoefte oor hierdie onderwerp en geleentheid.

## Die KragDag Voordeel

- Blootstelling aan duisende mense met ‘n lewendige en gekwalifiseerde belangstelling in die **KragDag** tema.
- Tydseffektiewe bemarkingsgeleentheid – nêrens sal jy soveel potensiële kliënte in so ‘n beknopte tyd ontvang nie.
- Maklike deelname – alles wat jy benodig vanaf een sentrale diensvriendelike punt.
- Boesem vertroue in deur assosiasie met **KragDag** as gevestigde huishoudelike naam.
- Uitermatige waarde vir geld as gevolg van ons uitgebreide bemarkingsveldtog gemeet teen bekostigbare tariewe.
- Besigheidstransaksies te beklink, produkte en handelsmerk bemarking en met ander besigheidseienaars te netwerk.

# Uitstallers

**TEMA** VIR **270** UITSTALLERS

**LANDBOU** VIR **100** UITSTALLERS

**OPVOEDKUNDE** VIR **30** UITSTALLERS

**SNUFFELMARK** VIR **70** UITSTALLERS

**PLAAS-PROE MARK** VIR **15** UITSTALLERS

**JUNIOR ENTREPRENEURS** VIR **50** UITSTALLERS

**VERVERSINGS** VIR **35** UITSTALLERS

**MAKER-BEWEGING** VIR **20** UITSTALLERS

**PRETPARK** VIR **10** UITSTALLERS

**VEERASSE** VIR **20** UITSTALLERS

Uitstalruimtes is in eenhede van 4m x 4m beskikbaar.
Opvoedkunde en Eksperimentele Makers se ruimte is per tafel.

| MIKRO -pakket- | STANDAARD -pakket- | GOUE -pakket- |
|---|---|---|
| Vir sensitiewe begrotings! | Uitstekende waarde uitstalling pakket! | 'n Volhuis uitstalling met omvattende bemarking! |
| **R2 806** | **R7 521** | **R15 203** |

Ingesluit by alle tema en landbou uitstalpakkette is die plasing van u onderneming se besonderhede in die gedrukte ekspoprogram, sowel as op die **KragDag** webwerf vir 'n jaar.

Addisionele bykomstighede en bemarkingsgeleenthede is ook beskikbaar.
Besoek die **KragDag** webtuiste vir meer inligting.

**KLIK HIER** vir aansoekvorm

2022

# Landbou sub-ekspo

## Volhoubaar, intensief, presies, tegnologies innoverend, slim!



Met beperkte natuurlike hulpbronne en die strewe om beskikbare landbougrond meer produktief en volhoubaar te bestuur, diversifiseer landbou al hoe meer na intensiewe boerderypraktyke.

In samewerking met TLU SA, wil die ekspo kleinboere sowel as kommersiële boere bemagtig om hulpbronne meer doeltreffend te benut, boerderybestuur te verbeter, insette meer ekonomies aan te wend en sodoende volhoubaarheid en hoër boerderywins te verseker. "*Om te meet, is om te weet*" - Lord Kelvin. Met hierdie leuse, fokus ons op tema-uitstallers en sprekers wat presisie-, intensiewe- en tegnologiese boerdery, volhoubaarheid en bewaringsboerdery bevorder.



Om uitstallers met groter implemente te akkommodeer, is daar vanaf 2022 ook Grootskaal Pakkette beskikbaar van 12 x 12m Hierdie ruimtes kan gekombineer word om selfs groter areas te maak.

Vir uitstallers is dit egter ook 'n gulde geleentheid om produkte en dienste aan boere in die Gauteng area bekend te stel, aangesien daar geen ander landbou ekspo met hierdie fokus in die area aangebied word nie.

### Uitstallings en Kategorieë

Rastentoonstellings.
Kompetisies.
Verskeie bekende sprekers.
Groot-, klein- en pluimvee boerdery.
Akkerbou.
Akwakultuur.
Groenteverbouing.

TLU SA




2022

# Opvoedkunde sub-ekspo

## Onderwys - nie om ’n emmer vol te maak nie, maar om ’n vuur aan te steek!

Ingesluit by die traditionele terrein van **Sakeliga KragDag**, word ‘n area opsy gesit vir die opvoedkunde sub-ekspo. Hier gee ondernemings in die tersiêre-, privaat- en tuisonderwys sektor alternatiewe tot die mislukkende en indoktrinerende staatsonderwys en tersiêre instellings.

Uitstallers kan kies tussen ’n opelug area of ‘n spasie in die Opvoedkunde Tent. Ondernemings wat graag ook aktiwiteite vir die jongspan wil aanbied, kan met die KragDag kantoor skakel oor die opsies.



Ekspo besoekers besef oor die algemeen dat selfstandigheid van die volgende generasie by die regte toerusting van vandag se kinders begin en 30% van die gesinne met kinders van skoolgaande ouderdom, gebruik reeds privaat- of tuisonderwys om hulle kinders toekomsgereed en -opgewonde te maak.

Ten einde uitstallers die bes-moontlike blootstelling aan hulle nismark te gee, is besluit om die Opvoedkunde Sub-Ekspo te verskuif om nader aan die Pretpark afdeling te wees.

SA HOMESCHOOLERS

### Uitstallings en Kategorieë

Kurrikulums.
Leerhulpmiddels.
Ondersteunende onderwysmateriaal.
Tersiêre Instellings.



2022

# Wat sê uitstallers?

*Baie dankie vir alles wat julle vir ons doen, al die moeite wat julle doen, van waar mens in die oggende by die hek inkom straal die vriendelikheid uit almal uit. Dit was weereens vir ons 'n lekker ervaring om deel te kan wees van 'n groeiende ekspo, waar al die ander feeste in die land agter uit gaan.*

***

*Een van die min goed georganiseerde ekspo's met oor as genoeg diverse mense om enige produk te bemark, kinders, vrouens, mans, boere, besigheidsmense en oumense.*

***

*'n Eerstewêreld ervaring met geen diefstal, geen rommelstrooi, geen verkeersknope nie waar daar werklik netwerke gebou word.*

***

*Fantastiese bemarking, ondersteuning en hulp met die bespreking proses is goed. Bywoning en algemene gees is baie lekker. Beslis die moeite werd.*

***

*Uitstekende geleentheid vir netwerkkontakte.*

***

*Ontspanne, gesellige en vriendelike atmosfeer in AFRIKAANS.*

***

*'n Goeie ervaring van mense wat planne maak en 'n bydrae maak tot die land se ekonomie.*








# Borggeleenthede

## Verskeie borggeleenthede om vir jou onderneming meer bemarkingswaarde te verskaf!

**Tente Borgskap**
Hierdie borgskap verleen aan 'n onderneming die prominente sigbaarheid tydens die drie dae. Daar is voorlopig sewe tente wat geborg kan word. Dit sluit 3x Selfstandigheidstema-, 1x Landbou-, 1x Opvoedkunde- en 2x Vee-rastente.

**Programborg**
Prominente blootstelling in die gedrukte ekspo program, erkenning vir borgskap plus verskeie ander voordele.

**Ekspo Itemborge**
Verskeie promosiegeleenthede, byvoorbeeld besoekersverwelkomingsakke, ***KragDag*** advertensieborde, baadjies, pette, penne of sleutelhouers.

**Verkeer en Parkering Borg**

**Feesplein en Landbou Feesplein Skadu Struktuur Borgskap**

**Prysborge**
Vir Junior Entrepreneurs en ***KragDag*** Bemarkingsvideo kompetisies.

**Kompetisiepryse**
Kompetisiepryse wat ***KragDag*** in sosiale media en in ***KragDag*** se nuusbriewe en op sy webtuiste bekendstel, in samewerking met derdeparty media en dus uitstekende bemarkingswaarde vir ondernemings kan bied.

**Borgskap Voordele**
Alle borge kry die volgende voordele: Roterende Webtuiste Advertensie op die KragDag Webtuiste, Logo op borge blad op KragDag Webtuiste, Logo op ekspo reklame nuusbriewe, Volblad advertensie in die gedrukte ekspo program asook wat met elke borg spesifiek gereël is.








# Besoekersprofiel

*“KragDag bied iets vir almal, van jonk tot oud, of dit ’n ernstige soeke na oplossings is, en of dit is om net die atmosfeer te geniet.”*


### Ouderdomsgroepe




### Jaarlikse Inkomste




### Voorneme om binne die volgende jaar in alternatiewe energie te belê




- Hoofsaaklik Afrikaanssprekend.
- Het ’n lewendige en ernstige belangstelling in die tema produkte en oplossings by die Ekspo.
- Enkelinge en gesinne.
- Goeie verteenwoordiging uit alle ouderdomsgroepe.
- Salaristrekkers sowel as besigheidseienaars en entrepreneurs.
- Besluitnemers en beïnvloeders.
- Van die wat aktief in die arbeidsmark is, is die verdeling soos volg:
  - Staat of semi-staat instansie: 17%
  - Privaat instansie: 51%
  - Eie onderneming: 32%
- Onderwys wat besoekers se kinders van skoolgaande ouderdom ontvang:
  - Staatskool: 71%
  - Privaatskool: 16%
  - Tuisonderwys: 13%
- Onder andere hier om:
  - Met mede-kopers te skakel.
  - Vordering, verbetering en vooruitgang in nuwe tegnologie te beoordeel.
  - Kostebepalings te doen.
  - Vergelyking van produkte en oplossings te maak.
  - Toepaslike produkte te koop.
- 36% het reeds in alternatiewe energie of energie besparing geïnvesteer en 5% is reeds onafhanklik van Eskom krag.
- 41% van die besoekers het aangedui dat hulle van plan is om in die komende jaar in alternatiewe energie te belê en ‘n verdere 50% het aangedui dat hulle dit oorweeg.

# Bemarking en Media

**'n Wye verskeidenheid van bemarkingskanale word ontgin ten einde die beste waarde vir uitstallers te gee.**

**Elektroniese nuusbriewe** – Deur 'n nuusbriefveldtog word 112 000 mense op ***KragDag*** se besoekersdatabasis ingelig en uitgenooi om die ekspo by te woon en uitstallers se produkte aan te skaf.

**Gedrukte Advertensies** – Daar word in verskeie publikasies, koerante en pamflette geadverteer.

**Webtuiste** – *KragDag* het 'n lewendige webtuiste waarop die Ekspo gepromoveer word en waarop besoekers die heeljaar nuttige inligting kan bekom.

**Vennootskappe** – die Ekspo word bekendgestel deur 'n netwerk van strategiese vennootskappe met sleutel organisasies.

**Persvrystellings** – samewerking met media om dekking te gee aan die geleentheid.

**Radio** – In die paar maande in oploop na die ***KragDag*** ekspo word verskeie bydraes oor 'n alternatiewe lewenstyl asook oor die ***KragDag*** ekspo op Pretoria FM uitgesaai. Onderhoude sowel as advertensies word ook uitgesaai op Radio Bosveld, Radio Kragbron, Groot FM, Lekker FM en Radio Oosrand.

**Televisie** – Die Groot Ontbyt op Kyknet en E-TV nuus.

**Uself** – ons hou voornemende uitstallers en borge op hoogte van ons nuutste planne en sal graag met u 'n pad wil stap wat tot u onderneming se voordeel is.

**Sosiale media** – Deur die sosiale media soos LinkedIn, Twitter, Instagram en Facebook gebruik ons een van die beste metodes van bemarking – "*word of mouth*".

## Advertensiegeleenthede vir ons uitstallers!

**KragDag** bied ook die volgende addisionele bemarking- en advertensiegeleenthede aan sy uitstallers:
- Advertering in **KragDag** se elektroniese nuusbrief.
- Aanlynadvertensies op **KragDag** se webwerf.
- Advertensies in die Ekspo program (skakel gerus met die kantoor vir voorbeeld van programme).
- Alhoewel die **KragDag** ekspo eenkeer per jaar aangebied word, word daar steeds reg deur die jaar fantastiese geleenthede aan die uitstallers gebied. Een daarvan is die **KragDag** webwerf. Deur uit te stal by die Ekspo, word u onderneming se beskrywing sowel as kontakbesonderhede gelys op die webwerf, *www.kragdag.co.za*. Die webwerf kry maandeliks vele besoeke van mense wat nie die dag kon bywoon nie, maar steeds op hoogte wil bly en gebruik wil maak van die uitstallers se diens, of produkte wil aanskaf.

Bo en behalwe bogenoemde geleenthede, het **KragDag** ook afslag beding by verskeie media, wat vir u 'n waardevolle kans verskaf.

*MEDIA: Pers en publikasie instansies kan gebruik maak van ons aanbod vir 'n gratis uitstalruimte by **Sakeliga KragDag** in ruil vir beriggewing oor die geleentheid (ingesluit is 'n helikopterrit vir beeldmateriaal van uit die lug van die ekspo.)*

2022

# Besprekingsbeleid

**Nuwe beleid vir voorkeurbesprekings vir bestaande uitstallers:**

2021 uitstallers sal tot 15 Desember die geleentheid kry om hulle selfde uitstalruimtes van 2021 weer te bespreek. Indien ‘n onderneming nie teen hierdie datum ‘n aansoekvorm ingedien het nie, verbeur hy die reg op dieselfde staanplek en word die uitstalruimte beskikbaar vir ander aansoekers.

2021 uitstallers wat hulle aansoekvorms voor 15 Desember ingedien het, word geleentheid gegee tot 31 Maart 2022 om vir hulle uitstalling te betaal. Indien 'n onderneming nie voor hierdie datum betaal nie, verbeur hy die reg op dieselfde staanplek en word die uitstalruimte beskikbaar vir ander aansoekers.




By 'n onderneming se betaling van sy pakket word sy uitstalruimtenommer(s) aan hom bevestig, maar kan hy as hy so verkies dit vir ‘n ander beskikbare uitstalruimte verruil.

Bogenoemde reëling sal onderhewig wees aan sekere strategiese oorwegings van KragDag, soos die akkommodering van borge en langdurige of permanente vennote op voorkeurliggings.

Let ook op die veranderings wat op die terrein aangebring is. Die Snuffelmark en Plaas-Proe-Mark sal voortaan in die pekanneutboord geplaas word, waar die Omgee-mark in 2021 was, dus sal hierdie uitstallers nie dieselfde plekke as 2021 kan kies nie.

Die Opvoedkunde uitstallers is ook geskuif om nader aan die Pretpark te wees. Sien bladsy 9 vir meer inligting.

**KLIK HIER** vir aansoekvorm

**KLIK HIER** vir terreinkaart

2022

# Padaanwysings

**Vanaf Pretoria**
Neem die N4 oos (rigting Witbank). Draai regs oor die snelweg by die Kemptonpark/Cullinan/Rayton afrit (tolhek). Na ongeveer 3km draai links in by die Diamantvallei bord op `n grondpad en volg die Diamantvallei borde.


of

Neem Lynnwood in 'n oostelike rigting. Draai links op die Boschkoppad. Ry tot by `n T-aansluiting en draai daar links. Volg die pad na Rayton vir ongeveer 5km. Net verby die Donkerhoek pad op linkerhand, draai regs in op `n grondpad na Diamantvallei en volg die Diamantvallei-borde.

**Vanaf Johannesburg**
Neem die N1 noord na Pretoria. Draai regs op die N4 oos, rigting Witbank. Gaan voort soos beskryf vanaf Pretoria.

**Vanaf Witbank**
Neem die N4 wes, rigting Pretoria. Neem die eerste afrit na groot tolhek (Cullinan, Rayton, Kemptonpark). Draai links in die rigting van Bapsfontein. Na ongeveer 2km draai links in by die Diamantvallei bord op `n grondpad en volg die Diamantvallei borde.

Suid: 25° 48' 58.66" - Oos:28° 31' 35.97"




**KLIK HIER**
vir Google Maps

2022

# Terugblik

Klik op beeld om video te kyk!


## KragDag 2019





## KragDag 2018




## KragDag 2017




## KragDag 2016



## KragDag 2015




## KragDag 2014




## KragDag 2013




## KragDag 2012




***www.kragdag.co.za***
***info@kragdag.co.za***
***087 231 1644***